*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (25/23)*
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Justin Chadwick 23 Junie 2023*

***"The worst disease I can see among people today is called, entitlement. The belief that I deserve without having to earn. Here's the truth however – you only get what you give, you reap what you sow, you get rewarded for the value you add. This goes for money and relationships" Gideon Hanekom***

**WES-KAAP: BEREKENING VAN DIE KOSTES VAN DIE VLOEDE**

Gerrit van der Merwe (CGA Direkteur in Citrusdal) berig dat dit moeilik is om 'n randwaarde te bepaal vir dit wat verlore is. Wat die oes betref, het die hele gebied 10% - 15% van sy oes verloor. Vroeë nawels en Clementines is veral geraak. Die herbou koste sal ook aansienlik wees – paaie is ernstig beskadig en ander plaasinfrastruktuur soos pomphuise op die rivier is verwoes. Hele boorde is ook weg. Sowat 60% van die vroeë kultivars was geoes toe die ergste reën gekom het. Pluk in die gebied is nou altesaam sowat twee weke agter – een week vertraging weens die reën en nog 'n week weens die vloede. Die sitrusprodusente in die Citrusdal-omgewing is baie gemotiveerd en hoopvol. Hulle werk hard om dinge weer na normaal te kry.

Die vloedverwante vertragings dra beslis by tot die verskeie uitdagings wat produsente in die gesig staar. Paaie is gesluit, so sitrus kon nie uit die gebied beweeg nie. Die sitrusbedryf se geweldige potensiaal vir groei word deur 'n aantal dinge belemmer. Dit is 'n besige tyd met die uitvoerseisoen wat 'n hoogtepunt by die hawens begin bereik. Weens die slegte weer was die verskepingsproses by die Kaapstadse hawe ook vir tye gesluit. Die CGA het met relevante staatsdepartemente gesels oor bystand wat produsente benodig om hul vrugte nou by die hawe te kry, asook ondersteuning om oor die langer termyn te herstel.

**SITRUSBEMARKINGSFORUM (CMF)**

Die derde CMF van die jaar word op Donderdag 29 Junie om 14h15 gehou. Hierdie maandelikse CMF's is beperk tot een uur (onder bekwame bestuur van Werner van Rooyen by die laaste CMF) en sal die seisoen tot op hede, marktoestande, en "vra ons enigiets" aan die CGA en FPEF, dek. Paul Hardman van die CGA sal hierdie maand se vergadering voorsitter wees. Kontak asseblief vir Portia Magwaza (portia@cga.co.za) indien u dit wil bywoon, en stuur vir haar enige vrae wat u beantwoord wil hê.

**SUURLEMOENE SE "TRACKING"**

Die derde terugvoersessie oor die "tracking" van suurlemoene se voorsiening en aanvraag in die EU sal om 15h00 op 28 Junie 2023 gehou word – sou jy dit wil bywoon, kontak asseblief vir Precious Kunota by precious@cga.co.za.

**COMRADES MARATHON: DIE RESULTATE**

Ek is nie seker of ek bly moet wees dat daar so min mal mense in die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf is of verbaas moet wees dat so min die grootste wedloop vir 'n mens op aarde voltooi het nie. Dankie aan diegene wat gereageer het deur vir my 'n blik op hul Comrades-ervaring te gee - ek sal dit nog een week oop laat om erkenning te gee aan enigeen wat dalk verlede week se nuusbrief gemis het. Naaste aan die huis binne die CGA-groep, begin ons by Rob Elfick van River Bioscience wat een Comrades voltooi het (soos sy vrou Michelle), terwyl Christine Stoppel-Grove van Citrus Research International sewe voltooi het. Hulle sluit aan by CGA se Paul, Tanya, en ek en CGA Direkteur Mike Woodburn wat elk 2 voltooi het. Van die uitvoerders se broederskap het Jacques Human en Christiaan Niemand van Grapehub albei vanjaar se af wedloop voltooi, terwyl Marilyn Bull van Toro Fruits vyf gehardloop het. Hulle sluit aan by Gary Britz wat elf op sy naam het. Die logistieke broederskap word verteenwoordig deur Tim Halle en Daryn Goodson van Bridge Shipping wat ook die 2023-wedren voltooi het. Twee produsente het hierdie waansin erken – Bennie de Beer van Libech Farm wat 7 gehardloop het voor hy voltyds begin boer het, wat geen tyd vir oefen laat nie. Gerrie Kruger van Unifrutti Blyderivier het sy derde Comrades in 2000 gehardloop. Van DALRRD weet ons van Khuliso Muluadzi (5) en dr Boitshoko Ntshabele (4) wat ook in 2023 gehardloop het.

**GEPAK EN VERSKEEP**

| Einde van Week 24<br>Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuuste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | 2021 | 2022 | 2023 | 2022 | 2023 | 2023 | 2023 | 2022 |
| Pomelo's | 15.2 m | 13.1 m | 10.6 m | 10.1 m | 8.5 m | 14.4 m | 14.3 m | 16.7 m |
| Mandaryne | 12.1 m | 11.5 m | 14.1 m | 7.7 m | 10.9 m | 34.1 m | 34.3 m | 31.8 m |
| Suurlemoene | 17.5 m | 18.8 m | 21.5 m | 15.6 m | 18.1 m | 37.3 m | 35.7 m | 34.7 m |
| Nawels | 13.5 m | 10.9 m | 9.9 m | 4.6 m | 5.4 m | 25.3 m | 24.8 m | 27.8 m |
| Valencias | 3.0 m | 2.0 m | 2.4 m | 0.4 m | 0.8 m | 54.5 m | 53.1 m | 53.8 m |
| **Totaal** | **61.3 m** | **56.3 m** | **58.5 m** | **38.4 m** | **43.7 m** | **165.6 m** | **162.2 m** | **164.8 m** |

***THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE SOUTHERN AFRICAN CITRUS GROWERS'***